

DIE INSTITUSIONELE FORUM

SAMESTELLING

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe uit elk van die volgende groeperinge; die beheer- en bestuursektor, die personeelsektor, die studentesektor en die gemeenskapsektor.

Hierdie verteenwoordiging sien soos volg daaruit –

Beheer- en Bestuursektor: Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die bestuur aangewys deur die bestuur, en die Registrateur of ’n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

Personeelsektor: Twee lede verkies uit eie geledere deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

Studentesektor: Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aanwys deur die Akademiese Belangeraad.

Gemeenskapsektor: Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur die verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum(IF) is ’n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 32 van Wet 101 van 1997), bespreking en debat op die kampus aanmoedig oor verskillende sake wat onder sy aandag kom. In die verslagjaar het die IF op verskeie terreine in hierdie verband ’n rol gespeel.

Die bedrywighede van die IF word hoofsaaklik deur sy drie taakgroepe – die taakgroepe vir Diversiteit en Diensbillikheid, vir Beplanning en vir Kultuur – gehanteer. Die taakgroepe word aangevul deur twee ad hoc-groepe – vir Taal en vir Senior Bestuur. Die taakgroepe het die bevoegdheid om sake te ondersoek wat aan hulle toegewys is en moet by die IF daarvoor verslag doen en hulle adviseer.

Hier volg 'n opsomming van die sake wat die afgelope jaar aandag ontvang het.

Monitering van eerstejaarsoriënteringspraktyke

Die IF het die monitering van eerstejaarsoriënteringspraktyke deur onafhanklike waarnemers ondersoek en voorgestel dat die moniteerders van hierdie praktyke mense moet wees wat onafhanklik van universiteitstrukture optree (verslag 2/2001 (1) MA, na 'n vergadering op 5 April 2001).

Aanstelling van 'n Rektor

Die IF het op 8 Mei 2001 oor die aanstelling van 'n Rektor gestem. Hy het prof R Stumpf met 'n duidelike meerderheid as sy keuse uit die kandidate genomineer en het die Raad dienooreenkomstig ingelig (verslag 2/2001 (2) MA).

Beleid insake tydelike personeel

Die IF het die Raad op 14 Junie en weer op 5 Desember geadviseer (verslae 3/2001 MA en 6/2001 MA) dat die voorgestelde beleid rakende tydelike personeel terugwerkend toegepas moes word en dat dit hersien moes word op diensvoorwaardes ook in te sluit en nie net die toewysing van byvoordele nie.

Senior bestuur en hersiening van beleidsdokumente

Prof Brink het verskeie skriftelike voorleggings oor senior bestuur en die algemene hersiening van bestaande beleidsdokumente aan die Raad, die Senaat en die IF gemaak. Die kommentaar van die IF op hierdie dokumente is vervat in verslag 1/2002 MA. Die IF is bemoedig deur die voorgestelde veranderinge, veral in soverre dit vereis dat elke beleidsdokument uitdruklik moet verwys na die verklaring van die Universiteit se waardes in die Strategiese Raamwerk.

Leonie Overbeek

Voorsitter